## Deel 3: Wetenskaplike notasie

**Belangrik**

| | |
|---|---|
| Een miljoen: | 1 000 000 (6 nulle) |
| Een miljard (biljoen): | 1 000 000 000 (9 nulle) |
| Een biljard (triljoen): | 1 000 000 000 000 (12 nulle) |

Wetenskaplike notasie word vir baie groot of baie klein getalle gebruik.
Dit word in wetenskaplike notasie geskryf sodat dit makliker gelees kan word.

### VOORBEELDE

- Skakel 0,0043 om na wetenskaplike notasie.

  0,0043

  = **4,3 x 10$^{-3}$**

- Skakel 81 500 om na wetenskaplike notasie.

  81500,0

  = **8,15 x 10$^{4}$**

- 34 000 000 → kan as 3,4 × 10$^{7}$ geskryf word.
- 734 000 000 000 → kan as 7,34 × 10$^{11}$ geskryf word.
- 0,000 0014 → kan as 1,4 × 10$^{-6}$ geskryf word.
- 0,000 000 000 03 → kan as 3,0 × 10$^{-11}$ geskryf word.

**Aktiwiteit 3**

1. Skryf die volgende getalle in wetenskaplike notasie:
   - 1.1 6 400 000
   - 1.2 4 500
   - 1.3 0,000 000 56
   - 1.4 0,000 18

2. Skryf die volgende as 'n gewone getal:
   - 2.1 6,4 × 10$^{5}$
   - 2.2 7,23 × 10$^{9}$
   - 2.3 4,3 × 10$^{-6}$
   - 2.4 7,5 × 10$^{-9}$